LIBRA Y

DIE PROVINSIE TRANSVAAL
# Buitengewone Offisiële Koerant
(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

THE PROVINCE OF TRANSVAAL
# Official Gazette Extraordinary
(Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL. 214 PRETORIA, 2 3550

No. 3 (Administrateurs-), 1972.

## PROKLAMASIE

*deur Sy Edele die Administrateur van die Provinsie Transvaal.*

PROVINSIALE RAAD VAN TRANSVAAL: TUSSENVERKIESING.

Nademaal ek daarvan in kennis gestel is dat 'n vakature ontstaan het in die verteenwoordiging van die kiesafdeling Gezina, in die Provinsiale Raad van Transvaal, weens die verkiesing van Jacobus Johannes Fick op 27 November 1971 tot die Senaat van die Republiek van Suid-Afrika; en

Nademaal dit wenslik geag word dat die vakature in die verteenwoordiging in die Provinsiale Raad ten opsigte van vermelde kiesafdeling aangevul word;

So is dit dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdhede aan my verleen by artikel 88, gelees met artikels 34 en 35 van die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, 1946 (Wet No. 46 van 1946), soos gewysig, hierby verklaar dat 'n vakature bestaan in die verteenwoordiging van die kiesafdeling hierbo genoem in die Provinsiale Raad van Transvaal en hierby verklaar —

(1) dat Dinsdag die agtiende dag van Januarie 1972, vasgestel is as die dag waarop die nominasiehof sitting sal hou om nominasies te ontvang van kandidate vir verkiesing as Provinsiale Raadslid vir die kiesafdeling hierbo vermeld;

(2) dat die plek beskryf in die tweede kolom van die Bylae hiervan die plek is waar voormelde nominasiehof sitting moet hou vir sodanige afdeling;

(3) dat genoemde nominasiehof sitting moet hou om tienuur in die voormiddag van voormelde dag;

(4) dat, ingeval 'n stemming nodig word in voormelde kiesafdeling deurdat meer as een persoon wettig genomineer is by die sluiting van die sitting van voormelde nominasiehof vir sodanige afdeling, die stemming op Woensdag, die drie-en-twintigste dag van Februarie 1972, moet plaasvind, om sewe-uur in die voormiddag moet begin en om nege-uur in die aand van genoemde dag moet sluit; en

(5) dat die persoon genoem in die derde kolom van die Bylae hiervan, die kiesbeampte is en hierby as sodanig benoem word, by die verkiesing in die kiesafdeling waarvan die naam in die eerste kolom van gemelde Bylae teenoor die beskrywing of naam van sodanige persoon voorkom.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 14de dag van Desember Eenduisend Negehonderd Een-en-Sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
P.R. 4-6-3.

No. 3 (Administrator's), 1972.

## PROCLAMATION

*by the Honourable the Administrator of the Province Transvaal.*

PROVINCIAL COUNCIL OF TRANSVAAL: BY-ELECTION.

Whereas I have been notified that a vacancy has occurred in the representation of the Electoral Division of Gezina in the Provincial Council of Transvaal, on account of the election of Jacobus Johannes Fick on the 27th November, 1971, to the Senate of the Republic of South Africa; and

Whereas is it deemed desirable that the vacancy in the representation in the Provincial Council of the said electoral division be filled;

Now, therefore, under and by virtue of the powers and authority vested in me by section 88, read with sections 34 and 35 of the Electoral Consolidation Act, 1946 (Act No. 46 of 1946), as amended, I hereby declare that a vacancy exists in the representation of the abovementioned electoral division in the Provincial Council of Transvaal and I hereby declare —

(1) that Tuesday, the eighteenth day of January 1972, shall be the day on which the nomination court shall sit to receive nominations of candidates for election as a member of the Provincial Council for the electoral division mentioned above;

(2) that the place described in the second column of the Schedule hereto shall be the place at which the nomination court shall sit as aforesaid for such division;

(3) that the said nomination court shall sit at ten o'clock in the forenoon of the aforesaid day;

(4) that if a poll becomes necessary in the electoral division aforesaid for the reason that more than one person shall have been duly nominated at the close of the sitting of the said nomination court for such division, the poll shall be taken on Wednesday, the twenty-third day of February, 1972 and shall commence at seven o'clock in the forenoon and close at nine o'clock in the evening of the said day; and

(5) that the person mentioned in the third column of the Schedule hereto shall be and is hereby appointed to be the returning officer at the election in the electoral division, the name of which appears in the first column of the said Schedule opposite the description or name of such person.

Given under my Hand at Pretoria on this 14th day of December, One thousand Nine hundred and Seventy-one.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
P.R. 4-6-3.

BYLAE.

| *Kiesafdeling* | *Plek van Nominasiehof* | *Kiesbeampte* |
|---|---|---|
| Gezina .... .... | Kamer 030, Binnelandse Sakegebou, Schoemanstraat Ingang, Pretoria. | Mnr. G. S. van Schalkwyk, Administratiewe Beheerbeampte, Departement van Binnelandse Sake, Privaatsak 82, Pretoria. |

SCHEDULE.

| *Electoral division* | *Place of nomination court* | *Returning Officer* |
|---|---|---|
| Gezina .... .... | Room 030, Interior Buildings, Schoeman Street Entrance, Pretoria. | Mr. G. S. van Schalkwyk, Administrative Control Officer, Department of Interior, Private Bag 82, Pretoria. |

Gedruk vir die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pta., deur Hoofstadpers Beperk, Posbus 422, Pretoria.

Printed for the Transvaal Provincial Administration, Pta., by Hoofstadpers Beperk, P.O. Box 422, Pretoria.